NG Elarduspark
# WEEKLIKS
10 Mei 2026



012 345 1144 kerkkantoor@ngelarduspark.org.za ngelarduspark.co.za



*Foto's: Warm-Winterfees 2025. Raak opgewonde*! *Dis amper feestyd 2026*!!

## MOTIVERING VIR DIE WEEK

Die lewe voel dikwels soos 'n mengsel van skoonheid en gebrokenheid. Ons beleef vreugde, maar ook spanning – in verhoudings, in onsself, en selfs in hoe ons met die aarde omgaan. Genesis 3 herinner ons dat hierdie spanning nie nuut is nie. En tog is die fokus nie net op wat verkeerd geloop het nie, maar op God wat mense bly soek. Selfs wanneer daar afstand kom, gee God nie op nie. Sy genade loop vooruit, veral in gebroke omstandighede. Hierdie week word ons genooi om raak te sien waar dinge skeef voel – en juis daar God se teenwoordigheid te soek. Want die verhaal eindig nie by verlies nie, maar by hoop.

## BIDSTOP:

Here, ons kom na U toe met oop hande en eerlike harte. U ken ons vreugdes, maar ook ons gebrokenheid – die spanning in onsself, in ons verhoudings en in ons wêreld. Ons sukkel dikwels om reg te leef, met mekaar en met die aarde wat U aan ons toevertrou het. Vergewe ons waar ons van U en van mekaar wegdraai, en leer ons om weer U pad te kies. Bring genesing waar daar seer is, en hoop waar daar wanhoop is. Gebruik ons as draers van U genade – elke dag. Laat U wil geskied, in ons en deur ons. Amen.

# DANKOFFERS

**Tjekrekening: 1500580174**
**Takkode: 631245**
**Verwysing: Dankoffer**

SnapScan

Skandeer hier om by te dra

zapper™

Skandeer hier om by te dra

# EREDIENSTYE

## 10 Mei - 24 Mei

| | |
|---|---|
| Erediens in kerkruim | 08:00 \| 10:00 |
| Aanlyn Erediens | 08:00 \| 10:00 |
| Sout & Lig Kinders | 08:00 \| 10:00 |
| Veranderdiens | 17:00 |
| Dieper Delf | 18:00 |

## 31 Mei (Warm-Winterfees)

| | |
|---|---|
| Feesdiens: | 09:00 |

DIEPER delf

Ons volgende Dieper Delf reeks begin Sondag 10 Mei om 18:00. ***Dr. Fanie Cronje*** kom gesels oor: "Beleër, beangs, bevry" - Jesaja 36-39 - 'n argeologiese perspektief.

# AFKONDIGINGS

iTickets

NG Elarduspark

# WARM-WINTER-FEES



## VRYDAG | 29 MEI 2026 | 17:00 - 22:00

**NAGMARK | KOSSTALLETJIES | BUITELUG VERHOOG**
**MET GASKUNSTENAARS: ONS | JABS | KINDERTEATER**
**TOEGANGSFOOI: VOLWASSENES: R60 KINDERS: R40 (O/12 GRATIS)**

## SATERDAG | 30 MEI 2026 | 07:00-15:00

**GRATIS TOEGANG**
**PRETDRAF | AMAZING RACE | KINDERPARK | VOLLEYBALL TOERNOOI**
**BASAAR MET LEKKER KOS & 'N VERSKEIDENHEID STALLETJIES**
**"LIVE MUSIC": TWISTED | ALOUISE | VINTAGE BAND | CHARLES & ANNIEN**

## SONDAG | 31 MEI 2026 | 09:00

**FEESDIENS**

WWF.NGELARDUSPARK.ORG.ZA

# AFKONDIGINGS




## HEMELVAART 2026

Ons nooi jou uit na ons spesiale Hemelvaartdiens 14 Mei om 09:00 of 18:30.

## PINKSTER 2026

Jy is welkom by ons Pinksterreeks saam met dr. James Kirkpatrick. Maandag – Donderdag 18-21 om 18:30 & Sondag 24 Mei om 08:00/ 10:00. Hy gesels oor die tema: ***Herleef! Om in die kragveld van die Heilige Gees te lewe…***

**Maandag:** Gesoek – heiliges vir die 21ste eeu
**Dinsdag:** Wat kan huil oor 'n stukkende wêreld (klag)
**Woensdag:** Wat kan droom oor 'n beter wêreld (hoop)
**Donderdag:** Wat kan werk vir 'n beter wêreld (seën)
**Sondag** (Pinksterfees): Die Kerk in die kragveld van die Heilige Gees







## HERBERG STUDIO

Herberg Studio is NG Elarduspark se eie Potgooi-kanaal en bied verskeie lekkerluister en uitdagende podcasts! Ons het met 'n nuwe reeks "Ons Huis" begin wat handel oor die gestremde volwassenes in ons gemeenskap. Luister na hierdie mooi stories en word opnuut geïnspireer. Besoek gerus PodBean, Apple Podcasts, Spotify of YouTube – tik "NG Elarduspark" in en vind dit op hierdie manier. Hier sal jy ook ander reekse vind met gesprekke oor "Seksualiteit" en "Die Sosiale Kulturele Wêreld waarin Jesus geleef het".

# AFKONDIGINGS

## OPLEIDING IN BASIESE GESONDHEIDSORG



**SLEGS 2 PLEKKE BESKIKBAAR!!**

Die 3-dag opleiding in basiese gesondheidsorg word 20, 21 & 22 Mei 2026 aangebied.

Belangstellendes word toegerus met kennis en vaardighede rakende basiese gesondheidsaspekte, met die fokus op die ouer- /bejaarde persoon of 'n pasiënt. Die kursus beklemtoon praktiese uitvoering van take. 'n Maksimum van slegs 8 persone word daarom geakkommodeer.

Kontak Alida Keet (CMR-kantoor, 012 345 3411 x2) of Kenau Swart (082 357 6643) vir verdere inligting en 'n registrasievorm.

Registrasiefooi: R475-00 per persoon wat leermateriaal en ligte verversings insluit.

## CMR

HET JY GEWEET JY KAN JOU DONASIE AAN DIE CMR ELARDUSPARK VAN JOU BELASTING TERUGEIS?
Op dié manier kan jy "omgee" ondersteun. Die CMR-kantoor is 'n belangrike komponent van ons gemeente se Barmhartigheidsdiens wat na ons gemeenskap uitreik. Dit is 'n geregistreerde nie-winsgewende organisasie, en 'n Artikel 18(a) sertifikaat kan uitgereik word vir belasting-doeleindes. Jy kan 'n eenmalige donasie, of 'n gereelde bydrae maak. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na: cmr@ngelarduspark.org.za. Laat weet ons ook per e-pos indien jy 'n betaling gemaak het.
Die CMR se bankbesonderhede: Christelike Maatskaplike Raad Elarduspark
Standardbank | Tjekrekening no: 411235109 | Verwysing: Naam, van + 18 (a)

# AFKONDIGINGS

## WELKOM AAN ONS NUWE LIDMATE

- Hector en Leandri Beyers
- Anneke Potgieter
- Theunis Botha

## GEBEDSLYS - BID SAAM

- Kobus Wiesse
- Meisie Jacobs
- Sarah du Plessis
- Riaan van Zyl
- Rassie Smit
- Leonie Kieser
- Lizette Lessing
- Frans Wessels
- Christelle de Ruyter
- Willie Slabber
- Elize Groenewald
- Tokkie Botha
- Albie Venter
- Paul Stemmet (snr)
- Antasha Brits
- Anna Du Plessis



NG Elarduspark | GROEISENTRUM

# ADVERTENSIES



# ADVERTENSIES



# ADVERTENSIES



# ADVERTENSIES




## AWEH PENDELDIENS




Veilige, gemaklike vervoer van u huis na die lughawe, of enige ander bestemming, teen uiters billike tariewe.

Johan de Klerk
082 889 7880

# ADVERTENSIES






# ADVERTENSIES

